Dis Lente En Die Tuin Roep.

Lentetyd laat die hande jeuk om in die grond te vroetel na die winterslaap van die meeste tuinplante. Om die tuin vanjaar geil en fleurig te hou moet die grond in goeie toestand wees. Dis hier waar die twee k's in kom: kompos en kunsmis.
"Nou is die tyd om die hele tuin 'n slag deeglik 'kos' to gee," sê, produkbestuurder van Efekto. "Maar kos, oftewel kunsmis, alleen is nie voldoende nie. Verbeter terselfdertyd die grond-struktuur deur kompos te gebruik. Kompos help onder meer om die voghouvermoë van die grond te verbeter en om dit te deurlug."
Werk kompos deeglik in, maar wees versigtig om plantworteis nie te beskadig nie. Die tuinier wat self kompos maak en deurlopend inwerk, sal weet sy grond is reg en deurlug. Diegene wat nie so fluks is nie, kan 'n dubbeldoelproduk soos Wonder Supa-Gro gebruik. Dit kombineer die grondverrykingseienskappe van natuurlike kompos met beproefde voordele van doelmatige NPK-kunsmismengsels.
Kleur-gekodeerde verpakking maak dit maklik om die regte mengsel vir 'n spesifieke toediening te kies: Algemene SupaGro (bruin) is vir gebruik op immergroen- en blomplante, grondbedekkings, groente, bome en struike; Grasperk Supa-Gro (groen) stimuleer welige groen bogroei by grasperke; en Roos Supa-Gro (rooi) moedig gesonde wortelontwikkeling en loof, asook 'n oorvloedige drag blomme, by rose aan.
Alle plante, veral die in die blomtuin, benodig bykomende "kos" om werklik ten beste te vertoon. Gebruik 'n mengsel soos-Wonder 3:1:5 (26).

http://phantocomp.weebly.com